

DIE PROBLEME EN WAARDE VAN EIETJDSE HISTORIESE NAVORSING

Pieter Coetzer¹

Abstract

In the new South Africa the importance of contemporary history cannot be overemphasised. The South African history since 1948 and the struggle towards democracy in 1994 and the period of the extension of this democracy came to prominence particularly among historians and journalists. In the period before 1988 contemporary history focused mainly on white history, while the general history (black and brown history) was neglected. This article focuses on the problems and value of contemporary historical research and the new concept in this regard.

1. INLEIDING

Kontemporêre of eietydse geskiedenis word vandag in Suid-Afrika in 'n baie groter mate in die geskiedskrywing en in die leergange van universiteite en skole beoefen as wat die geval so onlangs as vier dekades gelede was. Dit op sigself is verblydend, aangesien die RSA baie jare lank 'n agterstand teenoor Europa en die VSA gehad het. Die rede waarom Suid-Afrikaners dikwels van die eietydse geskiedenis wegstrem, is omdat dit 'n gevaarlike onderwerp is om te hanteer. Die terrein van die eietydse geskiedenis is inderdaad plofbaar, veral omdat tydgenootlikes vertolkings en uitsprake kan bevrageteken en aan die groot klok kan hang. Veral staatsmanne en politici sal verkies dat hulle flaters en wanopvattinge nie te gou aan die algemene publiek bekend sal wees nie. Eietydse historici wat hulle waag aan biografieë oor lewende politici sal byvoorbeeld uiters versigtig wees om geen omstrede uitsprake te maak wat moontlik tot lasteraksies kan lei nie. Kritiek op sodanige persone is dikwels ook in 'n groot mate as gevolg hiervan getemper. Meer nog: dokumente wat later beskikbaar gestel word, kan die historikus se weergawe van eietydse gebeure weerspreek, vandaar Dutt se uitspraak: "Anyone who attempts to write contemporary history in any more durable form than a current journalistic article is laying his head on the block for

¹ Navorsingsgenoot, Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein. E-pos: coetzerpw.hum@ufs.ac.za. Hierdie artikel is gebaseer op die outeur se intrede as hoogleraar in die Departement Geskiedenis, UOV, gelewer op 9 Maart 1994.

the executioner.”² Ten spyte hiervan waag mense hulle tans in toenemende mate aan biografieë en kontemporêre werke oor politieke en openbare figure.³

Tog bly eietydse geskiedenis ’n besonder belangrike terrein van historiese navorsing. Barraclough het tereg gewaarsku dat indien die opgeleide historikus nie die eietydse geskiedenis ontleed nie “the field is left to those who offer a false and distorted version of what has happened”, die terrein van die joernaliste en propagandiste.⁴ Die kennis van die onmiddellike verlede is inderdaad vir elke nuwe geslag van belang ten einde hul rol in ’n toekomstige Suid-Afrika te begryp.

Omdat daar soms vaagheid en onduidelikheid oor die begrip “eietydse geskiedenis” bestaan, is dit noodsaaklik om dit presies te omskryf.

Die woord “geskiedenis” is afgelei van die Duitse woord *geschehen* en dit beteken dit wat gebeur het of die gebeurde. Die woord *historie* is weer afgelei van die Griekse woord *historia* en beteken letterlik ondersoek.⁵ Geskiedenis is dus die ondersoek van dit wat gebeur het.

Die woorde “eietyds” en “kontemporêr” het dieselfde betekenis. Die HAT⁶ beskryf dit as van jou eie tyd; uit die tyd waarin jy lewe; wat tot dieselfde tyd behoort; tygenootlik of hedendaags. Eietydse geskiedenis is dus letterlik die ondersoek van dit wat in jou eie leeftyd gebeur het.

Vir jare lank is hierdie begrip as ’n *contradictio in terminis* beskou, want hoe kan die verlede dan eietyds wees? Hierdie standpunt slaan terug op ’n ou en uitgediende opvatting dat daar eers ’n eeu, of 50 jaar, of hoe lank ook al, moet verloop voordat ’n gebeurtenis bestudeer kan word.⁷

Aangesien eietydse geskiedenis ’n vae begrip is,⁸ word verskillende benamings daarvoor in verskillende lande aangetref, naamlik begrippe soos “contemporary history”, “current events”, “current history”, “current affairs”, “history of our own time”, “nuutste geskiedenis”, *zeitgeschichte* en so meer.⁹ “Contemporary history”

² RP Dutt, *Problems of contemporary history* (Londen, 1963), p. 6.

³ Vgl. o.m. Richard Callard, *Anatomy of South Africa. Who holds the power?* (Kaapstad, 2006); Nonboniso Gasa (red.), *Women in South African History* (Kaapstad, 2007). Projek van die SA Departement Kuns en Kultuur en die RGN; Adekeye Obedayo, Abedbayo Abedeji en Chris Landsberg (reds.), *South Africa in Africa the post-apartheid era* (Scottsville, 2007); Alec Russell, *After Mandela. The battle for the soul of South Africa* (Londen, 2009); De Wet Potgieter, *Totale aanslag. Apartheid se vuil truuks onthul* (Paarl, 2007).

⁴ Geo Barraclough aangehaal in MCE van Schoor, “n Pleidooi vir kontemporêre geskiedenis”, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 1(1), November 1969.

⁵ FA van Jaarsveld en JI Rademeyer, *Teorie en metodiek van die geskiedenisonderrig* (Johannesburg, 1973), p. 1.

⁶ FF Odendal (red.), *HAT* (Perskor, 1982), pp. 194 en 600.

⁷ M Broodryk, “Die stand van eietydse geskiedenis in die RSA”, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 15(3), Desember 1990, p. 92; G Barraclough, *An introduction to contemporary history* (New York, 1964), pp. 6-7.

⁸ LP Ribuffo, “The burdens of contemporary history”, *American quarterly* 35(1-2), 1983, p. 5.

⁹ L Woodward, “The study of contemporary history”, *Journal for Contemporary History* 1(1), 1966, p. 1.

of *zeitgeschichte* is in Afrikaans al vertaal met “kontemporêre”, “tydgenootlike”, “huidige”, “resente”, “nuutste”, “tydsgeskiedenis” of “eietydse geskiedenis”.

Hoewel daar aanvanklik sekere besware teen die term “eietyds” was en historici soos Van Schoor en Giliomee¹⁰ die term “kontemporêr” verkies het om hierdie tipe geskiedenis te beskryf, blyk dit tans dat die term “eietyds” in Afrikaans inslag gevind het omdat dit die tydperk beskryf “wat die historikus as selfdeurleefde of selfvervaarde meegemaak het”.¹¹

Die begrip “eietydse geskiedenis” het vir sommige ’n veel breër betekenis as bloot die gebeure wat in die historikus se eie leeftyd plaasgevind het. Daar bestaan tans drie sieninge van dié begrip:

1.1 Die siening gebaseer op periodisering

Hiervolgens moet ’n beginpunt vir die periode wat as eietydse geskiedenis geïdentifiseer word, vasgestel word. Volgens Waites¹² is 1789 vir ’n geruime tyd reeds in Frankryk as beginpunt aanvaar, terwyl dit in Duitsland weer 1914 is. Hans Rothfels beskou 1917 as ’n geskikte aanvangsdatum vir eietydse geskiedenis in wêreldverband, teenoor Geoffrey Barraclough wat 1890 as die geskikste datum vir die aanvang van kontemporêre geskiedenis ag.¹³ In Suid-Afrika gee Giliomee voorkeur aan 1910 of 1912 (Uniewording en die stigting van die ANC), terwyl Van Jaarsveld weer 1945 voorstel. (Die buitelanders Dutt en Tosh verkies ook 1945.) Ritter omskryf eietydse geskiedenis rofweg as die geskiedenis van die twintigste eeu.¹⁴ Persoonlike voorkeure speel hier ’n sterk rol. Vir my sou die Tweede Wêreldoorlog ’n goeie beginpunt vir Suid-Afrikaanse eietydse geskiedenis wees, toe Suid-Afrika vir die eerste keer in wêreldverband (die destydse VVO) met sy allesoorheersende hantering van swart en bruin mense te doen gekry het. Dit het ’n nuwe era van eietydse geskiedenis ingelui, aangesien dit die beginfase van ’n nuwe Afrikabewussyn en sterk swart nasionalisme was wat noodwendig met kwelvrae oor die toekoms van die RSA gepaard gegaan het. Suid-Afrikaners se oë is inderdaad sedert 1945 toenemend na buite, na die noorde, gedraai.

¹⁰ MCE van Schoor, “’n Pleidooi vir kontemporêre geskiedenis” in *Rondom die eietydse geskiedenis* (Bloemfontein, 1971); HB Giliomee, “Onoorkomelike besware teen kontemporêre geskiedenis”, *Standpunte* 22(3), Februarie 1969, pp. 40-51.

¹¹ FA van Jaarsveld, “Eietydse geskiedenis”, *Standpunte* 19(3), Februarie 1966, p. 11.

¹² N Waites in DC Watt, *Contemporary history in Europe* (Londen, 1969), p. 91.

¹³ Baldo Scheurig, *Einführung in die Zeitgeschichte* (Berlyn, 1962), p. 7; Geoffrey Barraclough, *An introduction to contemporary history* (Londen, 1967), p. 24 *et seq.*

¹⁴ O Geyser, “Die huidige stand van die historiografie van die eietydse geskiedenis in Brittanje, Duitsland, Frankryk, Italië en Holland”, in *Rondom die eietydse geskiedenis* (Bloemfontein, 1971), p. 5; Giliomee, p. 51; Van Jaarsveld, *Standpunte* 19(3), p. 11; J Tosh, *The pursuit of history. Aims, methods and new directions in the study of modern history* (Londen, 1984), p. 22; Barraclough (1967), p.29; Dutt, p. 16.

In Suid-Afrika is daar verskillende vertolkings oor die periodisering van eietydse geskiedenis. Die *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis/Journal for Contemporary History*, wat op die kontemporêre fokus, se redakteur stel dit duidelik dat “slegs artikels wat oor onderwerpe vanaf 1945 tot die hede” (dus sedert die afloop van Wêreldoorlog II) handel, vir publikasie oorweeg sal word.¹⁵

Dit bly nietemin baie moeilik om eietydse geskiedenis by wyse van datums te periodiseer, aangesien die aanvangsdatum van hierdie tipe geskiedenis deur die gekose onderwerp van navorsing of studie bepaal word. Die enigste voorbehoud is dat die onderwerp steeds op meelewing in eietydse gebeure gerig moet bly, dit wil sê dit moet binne die tydvak van meelewendes of die geskiedenis van die jongste verlede lê. Alles dui daarop dat kontemporêre geskiedenis nie aan die reëls van streng inperking onderwerp kan word nie, ewe min as wat ons in staat is om byvoorbeeld die geskiedenis van die Middeleeue deur vaste datums in te perk.

1.2 Die siening gebaseer op seleksie

Hiervolgens moet die meeste aktuele en brandende tydgenootlike vraagstukke geïdentifiseer en die ontwikkeling daarvan nagespoor word.¹⁶ Hierdie siening slaan op die Italiaanse filosoof en historikus, Benedetto Croce, se bekende uitspraak dat “every true history is contemporary history”. Daardeur het hy bedoel dat die enigste geskiedenis van betekenis daardie gebeure in die verlede is wat eietydse relevansie het.¹⁷

1.3 Die siening gebaseer op metodologie

Barnes het aangevoer dat die eietydse historikus in die posisie is om geskrewe en mondelinge getuienis te vergelyk. Volgens hom is dit hierdie kwaliteit wat eietydse geskiedenis sy unieke karakter gee: “In other words the essence of the word ‘contemporary’ in contemporary history lies in methodology and not in period, in the interaction of living testimony and documentary sources.”¹⁸

Die eietydse historikus neem deeglik kennis van hierdie drie sienings. Wat vir hom egter van belang is, is dat hy self ’n baie duidelike persepsie moet hê van wat hy as eietydse geskiedenis beskou.

¹⁵ *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis/Journal for Contemporary History* 33(1), Junie 2008. Instruksies aan outeurs.

¹⁶ G Ritter, "Scientific history, contemporary history and political science", *History and theory* 1(3), pp. 65-66.

¹⁷ H Meyerhoff (red.), *The philosophy of history in our time* (New York, 1959), p. 46; G Connell-Smith en HA Lloyd, *The relevance of history* (Londen, 1962), p. 5.

¹⁸ Barnes, p. 40.

2. VOORORDELE TEEN EIETYDSE GESKIEDENIS

2.1 Gebrek aan beskikbare bronnemateriaal

Volgens die aanvanklik Gewysigde Argiefwet van 1979 is staatsdokumente vir 'n periode van minstens 30 jaar gesluit.¹⁹ Intussen is hierdie periode na 20 jaar verkort.²⁰ Vir die kontemporêre historikus is dit 'n besliste nadeel dat amptelike dokumente oor resente gebeure nie meer geredelik beskikbaar is nie, hoewel die verkorting van die termyn 'n positiewe stap is.

Hierdie leemte is vir die eietydse historikus geen onoorkomelike struikelblok nie, omdat daar meer as genoeg ander bronne beskikbaar is, soos dokumente in private argiewe en biblioteke, memoirs, bronnepublikasies, nuusblaaie, tydskrifte, radio- en televisie-uitsendings, rolprente, mondelinge onderhoude op kassetbande, inligting via die internet, ensovoorts. Dit kan trouens gebeur dat die kontemporêre historikus soms met 'n oormaat bronnemateriaal gekonfronteer word. Hierdie eietydse bronnemateriaal vereis uiteraard 'n ander gespesialiseerde kundigheid en ander tegnieke as dié van die argeoloog of van die tradisionele historikus. Bloot die tegniek van doeltreffende onderhoudvoering vereis 'n deeglike agtergrond en besondere kundigheid. Met resente en aktuele projekte soos onder meer dié oor die onderhandelinge vir 'n nuwe grondwet vir die RSA, die gebeure rondom die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK), die worstelstryd vir die daarstel van 'n demokratiese regeringsbestel,²¹ is die belangrikheid van doeltreffende onderhoudvoering deeglik onderskryf. Dit behels onder meer intensiewe voorbereiding, sorgvuldige bewoording en sistemativering van vrae, die opvolg van onduidelikhede of die bevestiging van die reaksie van ander respondente, die uitklar van leemtes, gesonde menseverhoudings en takt, 'n gebalanseerde en nugtere (objektiewe) uitkyk op die politiek, goeie diskresie, die daarstel van 'n vertrouensituasie met respondente, ensovoorts.

¹⁹ Butterworths Statutes of South Africa 3 (1995). Wet 32, pp. 5-24, (Durban).

²⁰ Staatskoerant RSA 1996, 376 (1741), 2 Oktober (Kaapstad).

²¹ Vgl. o.m. K Christie, *The South African Truth Commission* (New York, 2000); DM Tutu, *No future without forgiveness* (Londen, 1999); A Boraine, *A country unmasked. Inside South Africa's Truth and Reconciliation Commission* (Kaapstad, 2000); C Villa-Vilencio en W Verwoerd, (reds.), *Looking back reaching forward. Reflections on the Truth and Reconciliation Commission of South Africa* (Kaapstad, 2000); J Barkin, *Carrots and sticks The TRC and the South African amnesty process* (Schoten, 2004); K Asmal et al., *Reconciliation through truth. A reckoning of Apartheid's criminal governance* (Kaapstad, 1997); Truth and Reconciliation Commission, *Truth and Reconciliation Commission of South Africa. Report I* (Kaapstad, 1998); Erik Doxtader en Philippe Joseph Salazar, *Truth and reconciliation in South Africa. The fundamental documents* (Claremont, 2007); MM Oelofse, *Remembering the truth. An oral history perspective on the victim hearings of the Truth and Reconciliation Commission of South Africa, 1996-1998* (D.Phil-tesis, UV, 2007); P Waldmeier, *Anatomy of a miracle. The end of apartheid and the birth of the new South Africa* (Londen, 1997); South African Democracy Education Trust, *The road to democracy I* (Kaapstad, 2004) en *The road to democracy II* (Kaapstad, 2006); Ben Turok, *Nothing but the truth. Behind the ANC's struggle politics* (Kaapstad, 2003).

Dit is juis uitstaande historiese gebeurtenisse soos dié wat onverwyld met mondelinge navorsing opgevolg moet word, veral terwyl sleutelrolspelers nog lewe en die gebeure relatief vars in hul geheue is. Die atmosfeer en stemming waarin gebeure afgespeel het, gaan dikwels oor dekades verlore; emosies en kontoere vervaag baie gou, vandaar die belangrikheid van onderhoudvoering so spoedig doenlik ná of tydens 'n uitstaande historiese gebeurtenis. Benewens die feit dat respondente se getuienis teen mekaar opgeweeg kan word in die soeke na die waarheid, beskik geen dokument oor meer inligting as juis die mens wat dit intensief beleef het nie. Minder as 20 jaar na die 1914-rebellie het Neame geskryf: "The full story will never be completely written. In much of it the deciding force was the spoken word which is to-day lost, and even if it could be recovered one could not create the strange atmosphere in which thousands of men acted in a sort of midsummer madness."²² Kortom: die voer van onderhoude met persone wat 'n aandeel aan belangwekkende historiese gebeure gehad het, is inderdaad een van die waardevolste inligtingsbronne van die kontemporêre historikus.²³ Dit is daarom van die allergrootste belang dat die mees kompeterende verkiesing in die Suid-Afrikaanse nuwe demokratiese bestel wat op 22 April 2009 plaasgevind het, ook by wyse van mondelinge navorsing ten volle ontleed en vir die nageslag behou sal word. Die probleem is egter dat 'n projek soos hierdie met groot uitgawes gepaard gaan en ontoereikende fondse dikwels sodanige onderneming vooraf kelder. Hierin kan 'n geakkrediteerde akademiese vaktydskrif soos die *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 'n sleutelrol speel. Die rol van die SA Media aan die Universiteit van die Vrystaat in die beskikbaarstelling van uiters resente inligtingmateriaal is eweneens van kardinale belang. Die blote impak van die wegbreekgroep uit die ANC (COPE) en die klaarblyklike groeiende DA se stempel op die politiek sal intensiewe navorsing verg.

2.2 Die gebrek aan afstand en perspektief

Daar is diegene wat glo dat die eietydse gebeure so versluier is deur die emosies, vooroordele en simpatieë van die tydgenote dat dit onmoontlik is om tot die kern daarvan deur te dring. Aanvullend hierby word beweer dat die gebeure dikwels nog nie *geschichtsfrey* (tydryp) is nie en dat dit op 'n te kort afstand onmoontlik sal wees om die groot historiese ontwikkelingslyne of sosiale kragte te identifiseer, of om te onderskei tussen dit wat belangrik en onbelangrik is. Daar is ongetwyfeld geldigheid in hierdie beswaar en in die bewering dat afstand en tyd ruimer perspektiewe en dieper insig in gebeure bring, omdat die historikus dit in die lig van latere gebeure kan beoordeel.

²² LE Neame, *General Hertzog* (Londen, 1930), p. 172.

²³ A Bullock, "Is it possible to write contemporary history?", in M Beloff (red.), *On the track of tyranny* (Londen, 1960), pp. 69-70.

Wat meer resente gebeure, soos die nuwe grondwet vir die RSA, 'n kritiese analise van die Mandela- en Mbeki-regeringstyd, die implikasies van die Zuma-regering, ens. betref, kan ons op dié tydstip 'n belangrike taak volvoer deur die historiese data byeen te bring, getuienisse te toets en toekomsprojeksies te maak; oor 30 jaar verder sal die sukses of mislukking van hierdie gebeure na alle waarskynlikheid ten volle of baie beter gepeil kan word. Tyd bring dus perspektief. Die eietydse historikus sal daarom moet aanvaar dat die beeld wat hy skep altyd onvoltooid en oop vir aanvulling sal wees. Dit geld egter nie net vir die eietydse historikus nie; geen historikus kan daarop aanspraak maak dat sy beeld van 'n gebeurtenis volledig en finaal is nie.²⁴

Die gebrek aan afstand en perspektief hou egter ook vir die eietydse historikus voordele in. Wanneer hy gebeure van binne-uit en persoonlik beleef het, het hy noodwendig 'n beter begrip en meer insig om dit te vertolk as sy kollegas wat eers dekades later daarvoor navorsing doen. Hy kan dit inderdaad eerstehands beleef en verstaan,²⁵ al sou daar dan 'n gebrek aan tydsafstand of bronne wees wat die oordeelsvorming beperk.

Kortom: Die probleem van afstand en perspektief moet nie die eietydse historikus daarvan weerhou om onverwyld kontemporêre navorsing te doen nie. Dit is noodsaaklik dat hierdie tipe geskiedenis deurgaans beoefen moet word. Belangrike inligting kan vir die nageslag behoue bly, terwyl helder perspektiewe van die leefwêreld van die historikus en sy respondente na vore gebring kan word. In die proses kan ook 'n bres vir die belangstelling in 'n vak soos Geskiedenis geslaan word, aangesien dit wat resent en aktueel is dikwels meer belangwekkend is.

2.3 Die gebrek aan objektiwiteit

Hand aan hand met die beswaar van afstand en perspektief is dié van objektiwiteit. Hiervolgens beskik die historikus nie oor die nodige onbevangenheid om gebalanseerd oor eietydse gebeurtenisse te oordeel nie. Sy persoonlike en groep-subjektiwiteit, sowel as die gees van die tyd waarin hy lewe, veroorsaak dat hy te intiem betrokke is by die gebeure van sy eie tyd. Dikwels bestudeer hy juis 'n aspek van die eietydse geskiedenis omdat hy baie sterk daarvoor voel, gevolglik moet dit partydigheid in die hand werk. Dit geld veral waar hoogs emosionele aspekte van die eietydse geskiedenis bestudeer word.

Die gebrek aan objektiwiteit is egter nie net 'n probleem eie aan die kontemporêre geskiedenis nie; alle historici maak hulle skuldig aan 'n mate van subjektiwiteit. Historici is dit hieroor eens, 'n besef wat die posisie van eietydse geskiedenis gelegitimeer het. Tog moet erken word dat die eietydse historikus met sy sosiale

²⁴ Giliomee, *Standpunte* 22(3), p. 46; Van Jaarsveld, *Standpunte* (19(3), p. 6; Connell-Smith en Lloyd, pp. 64-65; Van Schoor, pp. 77-78.

²⁵ Van Jaarsveld, *Standpunte* 19(3), p. 6; Broodryk, p. 97.

subjektiwiteit, sy gebondenheid aan sy party, kerk en volk, meer feilbaar sal wees.²⁶ By die skryf van eietydse artikels en boekpublikasies strewe navorsers doelbewus na objektiwiteit, dog besef maar te goed dat onderliggende subjektiwiteit, bewustelik of onbewustelik, altyd aanwesig is. Van Jaarsveld sê hieroor tereg: “Wel is dit waar dat ons verbondenheid met die ideale en strewinge van ons groep ons kortwiek, maar dit is nie onoorkomelik nie; ons kan bewus word van ten minste enkele van ons vooroordele en dus met oop kaarte speel as ons die tydgenootlike geskiedenis beoefen.”²⁷

Wanneer die eietydse historikus dus bewus is van sy verbondenhede en beperkinge sal hy beter in staat wees om hulle uit te skakel, en waar dit die hede raak en hy sy tyd en homself ken, kan dit miskien makliker geskied as by sy bemoeïing met ’n veraf verlede. (Hierdie aspek en die oordrewe klem wat op blank-sentriese geskiedenis geplaas is, veral voor 1988, word later meer volledig belig.)

Tog bly dit steeds geen maklike taak nie. Radikaal verskillende interpretasies oor historiese figure soos Verwoerd, PW Botha, Mandela, Mbeki en Zuma en gebeure soos Sharpeville, Republiekwording en die dood en begrafnis van Chris Hanu en Steve Biko, asook die verloop en bevindinge van die WVK, laat die indruk dat die historikus dwarsdeur die Suid-Afrikaanse geskiedenis, maar veral by die bestudering van eietydse geskiedenis, voor kontroversiële onderwerpe te staan sal kom, waar daar gepoog sal moet word om bewuste vooroordele en simpatieë te onderdruk, terwyl hierdie onbewuste vooroordele en simpatieë onwillekeurig in sy werk neerslag sal vind. Dit is des te meer waar wanneer historici, joernaliste en navorsers in die post-apartheidfase hul aan kontroversiële kontemporêre onderwerpe waag.

2.4 Leemtes in die opleiding van die historikus

Die aard van die bronnemateriaal van die eietydse historikus is reeds uitgewys. Dit is van kardinale belang dat studente ook opleiding kry in resente tegnieke wat verband hou met kontemporêre geskiedenis. Moderne vind-en stoomiddels, soos die rekenaar, moet uiteraard noukeurige aandag geniet, terwyl die verouderde hulpmiddels soos die mikrofilms en mikrofiche ook met gemak hanteer moet word. Intensiewe opleiding in die tegnieke van onderhoudvoering is reeds uitgelig, terwyl daar ook gewys is op die slaggate wat mag voorkom. Hierbenewens sal opleiding in die toepassing van kwantitatiewe metodes, soos dié wat die ander sosiale wetenskappe gebruik, ook aandag moet geniet. Opleidingsentra, universiteite en skole sal opnuut moet besin oor die opleiding van geskiedenisstudente.²⁸ Kundiges, soos rekenaarvaardiges, se

²⁶ Broodryk, pp. 87-88.

²⁷ Van Jaarsveld, *Standpunte* 19(3), p. 8.

²⁸ D Thompson, "The writing of contemporary history", *Journal for Contemporary History* 2(1), pp. 27-28; ED Ives, *The tape-recorded interview a manual for field workers in folklore and oral history* (Knoxville, 1980), pp. 33-85.

insette en tegnieke sal aangewend moet word in die doeltreffende gebruik van die rekenaar om eietydse navorsing op die mees effektiewe manier te onderneem.

2.5 Die moontlikheid van verleentheid

Die eietydse historikus/navorsers werk dikwels oor lewende persone en partye wie se rolle in die geskiedenis duidelik belig en geëvalueer moet word. Daar is vroeër reeds daarna verwys dat by die vel van oordele en selfs by beskrywende geskiedenis, beweringe gemaak kan word wat deur die betrokke tydgenote verwerp kan word. Dit gaan vir die eietydse historikus nie net om die akademies-verantwoordbare weergawe van die geskiedenis nie; daar moet ook teenoor die lewende samelewing verantwoording gedoen word oor sy weergawe van die meer onmiddellike verlede. Dit kan noodwendig tot onaangenaamheid, vergelding en selfs lasteraksies lei, en vir die betrokke persone 'n verleentheid wees.

Vrees vir sodanige reperkussies werk uiteraard inhiberend in op die kontemporêre historikus en lei soms daartoe dat eietydse onderwerpe liefers vermy word. Dit is onnodig. Solank die historikus sy taak op 'n wetenskaplike en verantwoordelike wyse uitvoer, behoort dié vrees hom nie van die beoefening van hierdie dissipline te weerhou nie.²⁹ Dit is egter onteenseglik waar dat die eietydse historikus baie versigtiger is as die tradisionele historikus om sensitiewe uitsprake te maak of om altyd die volle verhaal te vertel. Meer nog: "... political controversies of the period may still be smouldering while the historian is at work and may inevitably affect judgement in the consequent treatment".³⁰ Vrees soos dié kan die eindproduk en analitiese vereistes van 'n eietydse historiese onderwerp ernstig benadeel.

Daar is gepoog om enkele belangrike knelpunte van eietydse historiese navorsing uit te lig. Weens die beperking op die lengte van die artikel moes aspekte soos die volgende noodwendig agterweë bly:

- gebrekkige fondse;
- beperkte tyd;
- onvoldoende/swak opgeleide personeel;
- gebrekkige leeskamergewere;
- verskillende kriteria vir die gebruik van dokumente of navorsingsmateriaal;
- uiteenlopende vereistes vir die maak van klank- en video-opnames, ensovoorts.

3. DIE WAARDE VAN EIETYDSE GESKIEDENIS

In die wetenskaplike bestudering en beoefening van die eietydse geskiedenis lê die moontlikheid opgesluit dat meer en doeltreffende brûe tussen die historikus en

²⁹ Broodryk, p. 100.

³⁰ Dutt, p. 19.

die gewone leser geslaan kan word. Die gewone persoon sal uiteraard veel meer belangstel in gebeure wat hy/sy meeleeft of waarby hy/sy op een of ander wyse betrek is. Elke denkende mens is 'n besinner oor eietydse gebeurtenisse. So iemand beleef dus in sy gees en denke voortdurend in 'n mindere of meerdere mate een of ander eietydse ervaring, en beoefen dus in sy gees of gesprekke 'n soort ongeskrewe eietydse geskiedenis. Hierop sou die historikus met sy meer wetenskaplike besinning geredelik 'n beroep kon maak.³¹

In Suid-Afrika met sy vloedgolf van ingrypende historiese gebeure sedert Wêreldoorlog II en weer sedert 1990 kan die waarde van die bestudering van eietydse geskiedenis nooit oorbeklemt word nie. Die meer resente tydperk, die afgelope 15 jaar, is selfs in 'n meerdere mate van kardinale belang, en vorm reeds die tema van talle proefskrifte, verhandelings, boeke en artikels. Deur hierdie geskiedenis nou veral vir die nageslag by wyse van navorsing te bewaar, kan baanbrekerswerk verrig word om as basis te dien vir verdere studies oor die tydperk 1988 tot en met die hede, en daar kan langs dié weg verseker word dat inligting van sleutelfigure nie vervaag of mettertyd eenvoudig in die vergetelheid raak nie. Met die moderne tegnieke tot ons beskikking is ons tans in die posisie dat ons, gedagtig aan die belangrikheid van resente gebeure, die opteken en byhou van eietydse geskiedenis sorgvuldig kan beplan.

3.1 Die bevrediging van 'n bepaalde behoefte

Daar is reeds daarop gewys dat die mens in sy gees en gesprekke 'n vorm van ongeskrewe eietydse geskiedenis beoefen. Die mens stel ook meer belang in sy meer onmiddellike verlede, sy leef- en ervaringswêreld wat hom direk raak, as in die gebeure van die verre verlede. Die verkope en ongekende belangstelling in resente Suid-Afrikaanse publikasies en talle biografieë³² bevestig dat die publiek graag meer te wete wil kom oor die gebeure en tendense van hul eie tyd, die waaroms en waarheens, veral met die oog op toekomsprojeksies.³³ Dit is die eietydse historikus se taak om hierdie behoefte te bevredig. Indien hy in gebreke sou bly om dit te doen, sal die joernalis, die propagandis, die apologet en sensasieskrywer

³¹ Van Schoor, p. 95.

³² Alf Ries en Ebbe Dommissie, *Broedertwis. Die verhaal van die 1982-skeuring in die Nasionale Party* (Kaapstad, 1982); Eschel Rhodie, *PW Botha. The last betrayal* (Mellville, 1989); Nelson Mandela, *The autobiography of Nelson Mandela. Long walk to freedom* (Abacus, 1995); Tony Leon, *On the contrary* (Johannesburg, 2008); Anthony Sampson, *Mandela. The authorised biography* (Londen, 2000); Martin Gevisser, *Thabo Mbeki. The dream deferred* (Jeppestown, 2009); Albert Luthuli, *Let my people go. The autobiography of Albert Luthuli, Nobel prize winner* (Paarl, 2006); Radraig O'Malley, *Shades of difference. Mac Maharaj and the struggle for South Africa* (New York, 2007); Pippa Green, *Trevor Manuel. 'n Lewensverhaal* (ook in Engels beskikbaar) (Kaapstad, 2009); Brian Pottinger, *The Mbeki legacy* (Kaapstad, 2008); Luli Callinicos, *The world that made Mandela. A heritage trail. 70 sights of significance* (Johannesburg, 2000); Jeremy Gordin, *Zuma. A biography* (Kaapstad, 2008); Caroline Brown (managing editor), *Mandela. The authorized portrait* (Highlands North, 2006); Joel B Pollak, *The Kasrils affair. Jews and minority politics in post-apartheid South Africa* (Kaapstad, 2009).

³³ Thompson, p. 30; Broodryk, p. 101.

hierdie taak oorneem. Veral politici en joernaliste is soms van die grootste mite-makers wat gewigtige historiese uitsprake teenoor 'n liggelowige publiek maak. Die vermitologisering van die geskiedenis werk nie ware kennis in die hand nie en daar moet teen insulêre denke met 'n tonnelvisie op die werklikheid gewaak word.³⁴

3.2 Aktualiteit

Die rede waarom eietydse geskiedenis gedurende die laaste drie dekades in Suid-Afrika soveel sterker op die voorgrond getree het, is enersyds geleë in historici se toenemende aandrag op die bestudering daarvan en andersyds weens die aktualiteit en gevolglike hoër belangstellingsfrekwensie in hierdie tipe geskiedenis.³⁵ Uiteraard maak die aktualiteit van resente gebeure, veral sedert die politieke transformasie in SA, dringende aanspraak op die bestudering daarvan. Daar is reeds beklemtoon dat die belangstelling in eietydse gebeure en ook die bestudering van eietydse geskiedenis besig is om toe te neem, ook aan ons eie universiteit. Hierdie tendens was reeds waarneembaar toe Van Schoor daarop gewys het dat die belangstelling destyds daaraan toe te skryf was dat "die geskiedenis van die afgelope paar dekades so snel, dramaties, kleurvol en terselfdertyd met tragedie en patos gevul is". As dit destyds waar was, hoeveel te meer is dit nie tans waar nie?³⁶

3.3 Relevansie

Eietydse geskiedenis is deel van die leefwêreld van die mens; daarom is dit so relevant en van onmiddellike betekenis vir die student en vir die gemeenskap. Die bestudering van die eietydse geskiedenis help ons inderdaad om die hede te begryp en die onmiddellike probleme op te los. Deur die hede te verstaan, word die verlede ook meer begryplik gemaak.³⁷ Meer nog: die studie van veral die resente geskiedenis is nie gemoeid met die bevordering van verstarde tradisionalisme nie, maar bring groter begrip vir die dinamiek van verandering. Dit is trouens van kardinale belang in die oriëntering van die individu in 'n voortdurend veranderende tegnologiese, sosiale en politieke hede. Hierdie dinamiek van verandering het veral in die demokratiese Suid-Afrikaanse bestel ná 1994 sterk beslag gekry, ook in talle

³⁴ N Combrink en A Wessels, "Geskiedenis leermeester van die lewe", in *Die Volksblad*, 12 Maart 1991. Vgl. ook André Wessels, "Om die toekoms van ons verlede te verseker. Enkele gedagtes omtrent die aard en uitdagings vir die Geskiedenis-as-wetenskap vandag in Suid-Afrika", *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 34(1), Junie 2009.

³⁵ Van Schoor, p. 67; FA van Jaarsveld, "Omstrede Suid-Afrikaanse skoolgeskiedenis" in *Historia* 34(2).

³⁶ PB van der Watt, *Gedagtes rondom kontemporêre kerkgeskiedenis - met besondere verwysing na die Ned. Geref. Kerk* (Pretoria, 1975), p.11; R Rémond in DC Watt (red.), *Contemporary history in Europe* (Londen, 1969), p. 75; Van Schoor, p. 67; Broodryk, p. 102.

³⁷ Ritter, p. 264; Dutt, p. 19; Giliomee, p. 12; EG Reichmann, "The study of contemporary history as a political and moral duty" in Beloff, p. 194.

kontemporêre publikasies. In verskeie van hierdie publikasies is die kollig ook op Suid-Afrika se militêre geskiedenis, die sg. Grensoorlog, geplaas.³⁸

3.4 Die geskiktheid daarvan om die doelstellings van die vak te verwesenlik

Deeglike bestudering van die eietydse geskiedenis sal onteenseglik 'n groot bydrae tot die historiese wetenskap lewer. Daar is reeds beklemtoon dat die eietydse geskiedenis, soos trouens alle vorme van geskiedskrywing, geen “ultimate history” is nie. Die argument dat “their work will be superseded again and again” en dat geskiedenis weliswaar 'n argument sonder einde is, geld selfs in 'n meerdere mate vir die werk van die kontemporêre historikus.³⁹

Die breë doelstellings van Geskiedenis is onder meer die opdoen van tersaaklike kennis; die aanleer van konsepte; die ontwikkeling van toepaslike vaardighede en die nodige gesindhede of houdinge. Vanweë die belangstelling daarin en die aktualiteit en relevansie daarvan, leen die inhoudelike van eietydse geskiedenis hom uitstekend tot die bereiking van die doelstellings van die vak.⁴⁰ Meer nog: dieselfde standarde, miskien moeilike standarde, sal vir die eietydse historikus se werk gestel word as vir enige ander vorm van geskiedskrywing.

4. BLANK- EN SWART-SENTRIESE EIETYDSE GESKIEDENIS IN SUID-AFRIKA

Kontemporêre Suid-Afrikaanse publikasies met 'n historiese inslag was tot en met ongeveer 1988 dikwels baie blank-sentries van aard en daar is nie genoeg klem op die prominente rol van bruin en swart Suid-Afrikaners geplaas nie. Die probleem was dat Suid-Afrikaners, en dikwels ook historici, negatief beïnvloed is deur die beleid en ingesteldheid van die apartheidregerings waarin die rol van blankes in die geskiedenis sedert 1652 in skole en universiteite vooropgestel en swartes/bruines se rol óf negeer is óf grootliks agterweë gebly het. Meer nog: baie historiese werke voor 1988 was opdragstudies en grootliks voorskryfteklik oor die aard van die inhoudelike.

³⁸ Vgl. o.m. Peter Stiff, *The silent war. South African recce operations 1969-1994* (Alberton, 2006); JH Thompson, *Dit was oorlog. Van afkak tot bosbefok. Suid-Afrikaanse dienspligtiges praat* (Paarl, 2006); Piet Nortjé, *32 Battalion. The inside story of South Africa's elite fighting unit* (Paarl, 2003); Jannie Gildenhuys, *At the front. A general's account of the South African Border War* (Johannesburg, 2009); LJ Botma, *Buffalo Battalion. South Africa's 32 Battalion. A tale of sacrifice* (Bloemfontein, 2008) (ook in Afrikaans beskikbaar).

³⁹ Giliomee, p. 48.

⁴⁰ Broodryk, p. 104.

Kortom: die finale oordeel/voorskrifte t.o.v. die inhoudelike was dikwels in die hande van die borge van navorsingsprojekte.⁴¹

In historiese werke was die norm voor 1988 grootliks omskrywings oor die mate waarin blanke politieke figure en blankes in die algemeen die stryd vir “blanke regte” gevoer het. In die proses is die swart/bruin mense se stryd om politieke en maatskaplike regte en hul strewe na ’n volwaardige demokrasie sedert veral 1912 deur baie historici op die agtergrond geskuif of nie in genoegsame diepte ontleed nie.⁴² Vandaar ook die min aandag aan mondelinge geskiedenis van bruin/swart mense en die mindere klem wat op die rol van swart bevrydingsbewegings geplaas is - ook die hiaat in die algemeen-sentriese omskrywing van die SA geskiedenis. Die beskrywing van die stryd om ’n ware demokratiese bestel in SA is dikwels grootliks in die hande van meer radikale blanke historici geplaas.⁴³ Vandag het die klem egter verskuif en is dit opvallend hoeveel skrywers die post-apartheidperiode in oënskou neem om groter lig te werp op die omstandighede wat tot die nuwe Suid-Afrika gelei het.⁴⁴

Sedert 1988 is inderdaad gepoog om die hiaat ten opsigte van die rol van swart/bruin mense in die Suid-Afrikaanse geskiedenis reg te stel. In die nuwe Suid-Afrika het regeringsgedrewe en individuele studies reeds in ’n groot mate daarin geslaag om die leemte in hierdie omskrywing van kontemporêre geskiedenis te vul en groter

⁴¹ Vgl. o.m. O Geysen en AH Marais, (reds.), *Die Nasionale Party I* (Bloemfontein, 1983); JH le Roux en PW Coetzer (reds.), *Die Nasionale Party II. Die eerste bewindsjare 1924-1934* (Bloemfontein, 1980); JH le Roux en PW Coetzer (reds.), *Die Nasionale Party II. Die eerste bewindsjare 1924-1934* (Bloemfontein, 1982); JH le Roux en PW Coetzer, (reds.), *Die "Gesuiwerde" Nasionale Party 1934-1940 IV* (Bloemfontein, 1986); PW Coetzer, (red.), *Die Nasionale Party V. Van oorlog tot oorwinning 1940-1948* (Bloemfontein, 1994); JH le Roux et al. (reds.), *Generaal JBM Hertzog. Sy strewe en stryd I en II* (Kaapstad, 1987). Hierdie navorsingsprojekte van die destydse INEG is deur die Afrikaanse Persfonds befonds. Vandaar die klem op die blank-sentriese aard van bogenoemde projekte.

⁴² Die bekende SA historikus, prof. Floors van Jaarsveld, het in 1989 reeds die belangrikheid beklemtoon van die kweek van ’n beter begrip vir die SA verlede-werklikheid en om die samelewing te transformeer. Dit is geskiedenisbeoefening met politieke en ideologiese bymotiewe. Uiteraard word die klem ook meer en meer op die relevante/eietydse gebeure geplaas ten einde die hede/huidige politieke bestel beter te verstaan. Vgl. FA van Jaarsveld, "Hervertolking van die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing: veranderde historiese bewussyns en nuwe beeldvorming van die verlede", *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 29(4), Desember 1989. In ’n persoonlike gesprek met historici het Van Jaarsveld, wat toe reeds gesondheidsprobleme ondervind het, in 1989 te kenne gegee dat hy baie graag sy historiese werke sou wou herskryf vanuit ’n groter algemeen-sentriese invalshoek. Hiermee het hy ook erken dat sy werke te blank-sentriese van aard was. Die outeur kan hom sterk hiermee vereenselwig en sou eweneens baie graag sy historiese werke wou herskryf met groter klem op die rol van swart/bruin mense in die Suid-Afrikaanse geskiedenis.

⁴³ TG Karis en GM Gerhardt, (reds.), *From protest to challenge a documentary history of African politics in South Africa 1882-1990 V Nadir and resistance* (Pretoria, 1997).

⁴⁴ Vgl. o.m. Pat Stevens, *Politics is the greatest game* (Londen, 2003); Mamphela Ramphele, *Laying ghosts to rest. Dilemmas of the transformation in South Africa* (Kaapstad, 2008); Joellen Pretorius (red.), *African politics. Beyond the third wave of democratisation* (Kaapstad, 2008); Antjie Krog, *Country of my skull* (Houghton, 2006); Xolela Mangcu, *To the brink. The state of democracy in South Africa* (Scottsville 2008); Christopher Nicholson, *Permanent removal. Who killed the Cradock Four?* (Johannesburg, 2004).

klem op die “struggle” (die stryd om demokrasie) te plaas.⁴⁵ Tans is daar ook ’n groter behoefte by historici en studente van alle rassegroepe om projekte of nagraadse studies oor resente temas aan te pak. In hierdie studies word nie geskroom om die apartheidsgeskiedenis krities te beoordeel en aspekte van die pad na demokrasie sterk in die kollig te plaas nie. Dit is uiteraard belangrik dat Suid-Afrikaanse skole en geskiedenisdepartemente ook klem plaas op die belangrikheid van die sogenaamde “people’s history”.⁴⁶

Nie slegs historici en nagraadse studente moet sterk op die kontemporêre geskiedenis fokus nie; ook joernaliste, politici en ander navorsers begewe hul toenemend op die terrein van meer resente onderwerpe, dikwels ook met die klem op die rol van Suid-Afrikaners in die breë in die daarstel van ’n demokrasie. Weens die wyer trefkrag daarvan word hierdie onderwerpe dikwels ook in Engels aangepak, selfs waar die outeurs/studente Afrikaanssprekend is.⁴⁷ Opvallend is dat joernaliste en studente ook in ’n toenemende mate algemene knelpunte op sosio-ekonomiese en ander verwante terreine in die hedendaagse Suid-Afrika sterk uitlig.⁴⁸ Hierdie studies vul historiese werke aan en werp dikwels ook lig op politieke beleid en besluitneming.

Dit is ongetwyfeld so dat waar eietydse navorsing voor 1988 sterk blanksentries was, die klem sedertdien toenemend op swart- en bruin-sentriese geskiedenis val. Hoewel dit ’n noodsaaklike en belangrike tendens is, moet daar gewaak word dat die rol van die blankes in die meer resente SA geskiedenis nie agterweë bly nie. Die gevaar bestaan uiteraard dat regeringsgeïnisieerde of kontraknavorsing, asook die kurrikulums aan Suid-Afrikaanse skole en universiteite te swart-sentries ingeklee kan word. Sedert die ANC aan bewind gekom het, word die bevrydingstryd, met die klem op swart en bruin betrokkenheid, in publikasies soos die regeringsgeïnspireerde *Road to democracy*⁴⁹ baie sterk uitgelig.

Die opteken van hierdie tipe geskiedenis is weliswaar van kardinale belang, asook die besondere klem wat op persoonlike onderhoude met die talle rolspelers in die stryd om ’n demokratiese bestel in die nege Suid-Afrikaanse provinsies geplaas

⁴⁵ Vgl. o.m. H Giliomee en B Mbenga (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika* (Kaapstad, 2007) (ook in Engels beskikbaar) met talle medewerkers; TRH Davenport, *South Africa a modern history* (5de weergawe, Basingstoke, 2000); South African Democracy Education Trust, *The road to democracy I* (Kaapstad, 2004) en *The road to democracy II* (Kaapstad, 2006).

⁴⁶ Vgl. in dié verband HC Bredenkamp, "People's history: 'n herwaarderung van die studie van politieke geskiedenis". Referaat Geskiedenis-vakindaba, RAU-eiland, 24 September 1988.

⁴⁷ Vgl. o.m. Oelofse; Irene Strydom, *Labouring for a better life the struggle of Anna Scheepers and Lucy Mvubelo for better labour conditions, 1960-1980* (MA-verhandeling, UV, 2007).

⁴⁸ Vgl. o.m. Raymond Parsons (red.), *Zumanomics. Which way to shared prosperity in South Africa? Challenges for a new government* (Aucklandpark, 2009); Antony Altbeker, *A country at war with itself. South Africa's crisis of crime* (Kaapstad, 2007); Rhoda Kadalie, *In your face - passionate conversations about people and politics* (Kaapstad, 2009); William Easterly, *The white man's burden. Why the West's efforts to aid the rest have done so much ill and little good* (Oxford, 2006); Strydom (sien voetnoot 47).

⁴⁹ *The road to democracy I en II.*

word.⁵⁰ Uiteraard belig dit die talle opstande, versetaksies, interne organisasie en protesoptogte op 'n baie insiggewende wyse, met veral swart en bruin verset baie sterk omlyn. In hierdie geval is dit egter verstaanbaar dat mense (respondente en outeurs) nog so versluiser is deur hulle emosies, vooroordele en simpatieë, dat die gebeure nog nie “tydryp” is nie en gevolglik met 'n sterk mate van subjektiwiteit aangebied sal word. Afstand sal dalk mettertyd perspektief bring.

Dit is verblydend dat die balans tussen blank- en swart-sentriese geskiedenis tans herstel word en dat SA skole en universiteite toenemend op die uiteenlopende aspekte van die kontemporêre geskiedenis fokus. By die UV se Departement Geskiedenis word eietydse historiese politieke en verwante geskiedenis toenemend in die kollig geplaas en studente word aangemoedig om, ten spyte van die probleme van hierdie tipe geskiedenis, navorsing hieroor te doen.⁵¹ Die departement se fokus op eietydse geskiedenis word aangevul deur die werk van hul geakkrediteerde vaktydskrif, die *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis/Journal for Contemporary History* (vroëer onder die vaandel van die destydse Instituut vir Eietydse Geskiedenis se Navorsingsafdeling bedryf). Hierdie vaktydskrif speel 'n belangrike rol in die toenemende belangstelling en die publikasie van aktuele onderwerpe oor talle histories-verwante onderwerpe.⁵² Akademici (vanuit verskeie vakdissiplines en veral historici en politieke wetenskaplikes), joernaliste en ander kenners lewer vir jare reeds met hul insette belangrike bydraes oor 'n wye veld van die kontemporêre geskiedenis.

Daar bestaan min twyfel dat die huidige toenemende belangstelling in kontemporêre geskiedenis positief is en meer mense aanmoedig om hul op hierdie navorsingsterrein te waag. As historici en ander navorsers daarin kan slaag om die probleme verbonde aan eietydse geskiedenis te oorbrug, sal navorsingsresultate akademies-bevrugterend wees. Die taak van die kontemporêre historikus/navorsers bly egter steeds uiters moeilik en meer veeleisend as dié van die tradisionele historikus. Verkope by akademiese boekwinkels dui op die toenemende belangstelling in eietydse historiese publikasies, en veral ook biografieë.⁵³ Dit bevestig die ongekende oplewing in die soeke na nuwe perspektiewe in aktuele publikasies. Dit is verblydend dat hierdie publikasies tans 'n meer algemeen-sentriese benadering het. Hoewel joernaliste en ander navorsers hulle toenemend op die eietydse terrein begewe, het historici in 2009 steeds 'n belangrike taak om gesaghebbende aktuele publikasies met 'n historiese inslag die lig te laat sien, mits die struikelblokke daaraan verbonde doeltreffend oorbrug kan word.

⁵⁰ *Ibid.* Vgl. in hierdie verband ook Pieter Coetzer en Leo Barnard, "The struggle for democracy in the Northern Cape during the eighties", *Journal for Contemporary History* 33(1), Junie 2008.

⁵¹ Vgl. o.m. JH Kruizinga, *Die begrip people's history en die betekenis en toepassing daarvan in die Suid-Afrikaanse konteks* (MA-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1996).

⁵² Sien o.m. *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis/Journal for Contemporary History* 9(1)-33(1), Julie 1984-Junie 2008. Dit is veral van toepassing in die meer resente publikasies sedert 1984.

⁵³ Onderhoud met bestuurder, Exclusive Books, Mimosa Mall, Bloemfontein, 27 April 2009.